Die lyke van die sewe polisielede lê gister onder donkerblou seile op die toneel waar hul helikopter geval het. Foto: NELIUS RADEMAN

'Heli-slagoffers sal onthou word vir hul dapperheid'

Virginia Keppler

Die wêreld sal kapt. Wickus Zaayman onthou as die jong man wat in 'n strop onderaan 'n helikopter gehang en keer op keer in die modderwater van die Mosambiekse vloede ingeduik het om 'n jong seun te red.

Zaayman, 'n voormalige weermagvlieënier en die afgelope twee jaar 'n lid van die polisie se lugvleuel in Pretoria, sal onthou word as een van die helde van die Mosambiek-vloede in 2000.

Hy was toe lid van 17 Eskader, wat talle mense uit die malende water gered het.

TV-stasies het destyds wêreldwyd beeldmateriaal uitgesaai waar Zaayman aan 'n strop hang en keer op keer in die modderwater terugduik om 'n seuntjie te red.

Die beeldmateriaal, sowel as die storie van die Mosambiekse ma wie geboorte gegee het in 'n boom, het die wêreld verstom.

Zaayman het destyds as jong vlieënier gespog met die rekord as 'n pas gekwalifiseerde vlieënier met die meeste operasionele ervaring in twee maande.

Die dag toe hy die seuntjie gered het, was hy nie eens aan diens nie.

■ Ao. Jacobus Henning, een van die ses polisiemanne wat gister saam met Zaayman omgekom het, laat 'n ses weke oue babaseun, Johann, agter. Henning was lid van die polisie se nasionale intervensie-eenheid, berig **Gerhard Pretorius**.

Kol. Urbanus de Witt, ook van die bogenoemde eenheid en Henning se skoonpa, het gisteraand gesê sy dogter Marlize is baie ontsteld.

■ Ao. Thinus Gouws, Zaayman se medevlieënier, het meer as 22 jaar se ondervinding in die polisie gehad.

Hy was in 2008 in die nuus nadat hy aansoek gedoen het om 'n kapteinpos in die eenheid. Hoewel hy die geskikte kandidaat vir die pos was, is hy nie aangestel nie. Die pos is vakant gelaat en Gouws is ingelig dat dit weens gelykheidsredes nie gevul is nie.

Solidariteit se regspan was besig om sy saak vir hom te veg.

Mnr. Nantes Kelder, hoof van gemeenskapsveiligheid van AfriForum, het gesê hulle is uiters geskok oor die tragiese helikopterongeluk.

Kelder het gesê: "Dit is 'n tragiese dag vir die polisie.

"Ons harte gaan uit na hul families en kollegas," het Kelder gesê.

Hy het verder die hoop uitgespreek dat die ongeluk op die hoogste vlak ondersoek sal word om die oorsaak te bepaal.

Me. Dianne Kohler Barnard, DA-LP en -woordvoerder oor polisie, het gesê: "Namens die DA wil ek my innige medelye met die polisiemanne se familie en vriende oordra. Die lede sal onthou word vir hul dapperheid en hul bydrae tot 'n veiliger Suid-Afrika."